2.

**UITERS GEHEIM**

*Ministerie van Ekonomiese Sake en Tegnologie*
*Ministry of Economic Affairs and Technology*

Privaatsak X9047
KAAPSTAD
8000

Die Staatspresident
Mnr P W Botha DVD
Tuynhuys
KAAPSTAD
8001

Pk
Plaas op spesiale lêer by
Anti-Sanksie handel.
PWB
23.6.88

Geagte Staatspresident

Vanweë u onlangse en regstreekse betrokkenheid by die toestaan van visums aan 'n "nie-amptelike" afvaardiging vanuit die Volksrepubliek van Sjina, word 'n samevatting van die vernaamste resultate wat behaal is weergegee. Terselfdertyd sluit ek ook 'n soortgelyke samevatting in van 'n besoek van die Oos-Duitse tussenganger aan die RSA met 'n aanduiding van die suksesse wat hiermee behaal is. Enige bykomende inligting wat u verlang kan voorsien word.

Die Afdeling : Onkonvensionele Handel van die Departement van Handel en Nywerheid wat in November 1985 deur u in die lewe geroep is, is onder andere vir die diversifisering van ons land se internasionale markte met veral klem op boikotlande verantwoordelik en slaag grootliks daarin om met die privaatsektor aan die spits pogings om ons land ekonomies te isoleer, te bekamp. Van groot belang is egter dat ek kan rapporteer dat die omvang van handel wat op hierdie wyse bevorder word in verhouding tot die kostes vir die Staat, uiters gunstig vertoon.

U sal voortaan op die hoogte gehou word van die aktiwiteite van die Departement in hierdie verband.

Vriendelike groete

D W STEYN LP
MINISTER VAN EKONOMIESE SAKE EN TEGNOLOGIE

DEPARTEMENT VAN HANDEL EN NYWERHEID

'N SAMEVATTING VAN DIE VERNAAMSTE RESULTATE VAN 'N BESOEK AAN DIE RSA DEUR 'N AFVAARDIGING VAN DIE VOLKSREPUBLIEK VAN SJINA (VRS) :

29 MEI 1988 TOT 10 JUNIE 1988

VRS-AFVAARDIGING :

| | |
|---|---|
| Mnr Rene F C Yu | (Tussenganger in Hongkong) |
| Mej P P Li | (Sekretaresse) |
| Mnr Billy M K Wong | (Frontmaatskappy in Hongkong, VRS) |
| Mnr Zhengu Yu | (VRS) |

Alhoewel die afvaardiging die RSA met die goedkeuring van die VRS-regering besoek het, wou hulle die besoek in geheimhouding laat plaasvind. Die afvaardiging is vir afsprake in die PWV-gebied, Richardsbaai, Durban en Kaapstad deur die Departement vergesel. Altesaam 36 afsprake is nagekom en van die vernaamste aspekte wat daaruit voortgevloei het, is die volgende :

(i) Uitvoergeleenthede vir die RSA waarvan sommige reeds afgesluit en ander in 'n onderhandelingstadium is :

Brandewyn (± 20 000 liter reeds gelewer); oordrag van verkoelingstegnologie vir kragsentrales met gepaardgaande besoeke aan die VRS; vrugtesappe (± 500 x 20vt houers); 'n gesamentlike onderneming, afgesluit vir die vervaardiging van staalpype in die VRS; bemestingstowwe; verpakkingsmateriaal; rekenaar sagteware; oordrag van tegnologie vir die ontginning van minerale; mielies; ystererts; steenkool; die verkoop van 'n tweedehandse kragsentrale; vanadium; en ondergrondse kommunikasiestelsels vir myne ter waarde van ± R30 miljoen.

(ii) Samesprekings het ook tussen die VRS-afvaardiging en die WNNR plaasgevind waartydens die WNNR skriftelike voorstelle vir samewerking met betrekking tot die RSA se voorgenome satellietprogram aan die afvaardiging voorgelê het. Tydens samesprekings tussen die afvaardiging en 'n Suid-Afrikaanse onderneming in die openbare sektor het wedersydse aankope van sekere strategiese toerusting en wedersydse besoeke wesenlike aandag ontvang.

(iii) 'n Verdere byeenkoms op amptenarevlak tussen die Departement en VRS-owerhede in die afsienbare toekoms word beplan.

(iv) Op voorstel van die afvaardiging word tans reëlings getref vir die aanstelling van mnr Rene Yu in Hongkong as konsultant vir die Suid-Afrikaanse Handelsverteenwoordiger in Hongkong met betrekking tot VRS-aangeleenthede.

PRETORIA

21 JUNIE 1988